


Oosie-Ink 2015



INDEX

1. Skryfwerk

2. Kunswerk

3. Fotografie

OOSIE INK REDAKSIE 2015:



Anneli Pouwels (Graad 10)




Carolien Van De Wetering (Graad 10)

17

I will always
love you.
Even when my
heart is broken
and my dreams
have diminished
into nothing
nothingness –
even after you
have long forgotten
who I am,

there will always
be this void
in which
you
belong.

- Unknown



As gevolg van beurtkrag, moet
baie mense vroeg kooi toe. Vroeg
volgende jaar, gaan ons babas kry
met die volgende name:

Kers Grobler
Darkness Mapogo
Eskom Kleinbooi
Vroegslaap Jordaan
Blackout Dube
Generator van Zyl
Parafienlamp van Rensburg.
Moet ook nie vergeet van
Foonloos Venter nie!

'n Krom vuurhoutjie

'n Lewe soos 'n vuurhoutjie
loop my vas in 'n bloutjie.
Alles is om en dom,
seermaak-plek vir 'n verlepte blom.

Waarom kry ek nie die liefde,
wat ek so graag wil vertroetel?
Ek kyk na dit alles
en voel soos 'n buitestander.

Hoekom lyk dit so
dat almal al glo?
Ek hoort nie hier
waar almal liefde vier.

Die vlam van 'n vuur



in my hart, het te kort geduur.
My vuurhoutjies is al krom
van wag vir liefde om te kom:

Die vuurhoutjie breek af –
Ek is moeg en saf.
My vlam
is klam...

- **Lammarié Jonkers Gr 11**

It Is Difficult To Forgive

As I walk through the forest, I can feel the cool night's breeze piercing through my clothes and nipping my skin. The echoing cries of owls and dangerous animals of the night are the only sounds, and glimpses of the moon through the clouds and trees are my only light. I can feel the cold dew settling into the grass after the long, hot day the river had of bleeding into the sky. As I enter the meadow, I can see the old, rusted and abandoned swing in the centre of it all, wrapped in solitude.

The creaking sound of rusted iron rubbing together fills the air while the swing slowly starts rocking back and forth. A wraith of a small girl suddenly appears sitting on the swing, staring at me. Marks of abuse covering her skin, her left eye stabbed out and her right eye filled with a never ending void because of all the miseries and suffering of life. I am her only comfort and I've been visiting her for months now. She told me how her stepfather brutally raped, abused and murdered her – and left her in this meadow all alone. She can't move on because she finds it difficult to forgive him for what he has done.

I smile at her and she smiles back as she is approaching me, her tattered clothes blowing with the wind. With every step she takes closer to me, the air around me grows tenser and uncomfortably cold. As she leans in for a hug, my skin turns pale, for I am of the living and now touching death. She whispers to me that she's sorry for what comes next. Suddenly my brain starts fighting for control and I'm so surprised that I feel as if I'm being shocked out of a trance. I can't believe she's only been using me, she's taking over my body; I thought she was my friend...

It's been half an hour since my brain first started fighting for control and I'm approaching an old Victorian style house on the outskirts of town. My body enters through the unlocked door and walks into the silent house, up the creaking stairs with nothing but candlelight in the distance, the crackling sound of thunder and the hard raindrops on the roof. I'm getting closer to the room; I can see a middle aged man and woman lying in bed conversing...

It's been six months now. The sound of cell doors being shut angrily and violently rings in my ears and aggravates me. The prison warden makes a cruel comment about me outside my own cell. I've been sentenced to life in prison for torturing the little girl's stepfather to death. I take my sharpened toothbrush and stab myself in the throat. I strike a main artery and I can taste the blood. I feel the sticky and warm liquid crawling down my

*fingers and throat. I can feel myself
drowning in my own blood.*

*Soon, we will meet again in the
afterlife and I too will have my
revenge. For if there is one thing I've
learned from her, it's that it is
difficult to forgive.*

-Richard de Beer Gr 11 F

Môrester

O, hoe lieflik die môrester
wat skyn daar só ver!
Heerlik in die koue naglug
waarheen my gedagtes wegvlug.

Môrester met jou helder glans
en wat die son vooruit dans,
jou prag en praal
wat strelend uitstraal.

Schoonheid sonder kuns en moeite
wat oor die rooigeverfde horison
vloei.
Stadig kom dit aangerol
in 'n blinkende, glansende kol.

Môrester breek die nuwe dag
wat opgewonde uitbreek uit die
dooie nag.
Vrolik dans jy oor die veld
voordat jy in die son se strale
smelt!

Skugter glim jy tussen die strale
weg
om tydelik in die wolke te vleg,
waar jy sal bly
tot ek jou more-oggend weer kry.

- **Lammarié Jonkers Gr 11**

My aanpassing tydens transformasie

Vaalbruin, vuil en verwilderd sit ek
sielsalleen met my gedagtes,
geïsoleerd teen die nare
werklikheid. As aanpassing maar
net kinderspeletjies kon wees...

Ek is 'n klein, onbelangrike en
skaars merkbare modderspatsel
wat pas my modderige voetjies uit
Laerskool Atmosfasie geneem
het... op 'n reis na nuwe strome.
Waterstrome wat my rigting sal
bepaal en my spatsel in 'n
druppelvormige lyfie transformeer.
Ek is op soek na my identiteit.

Met die eerste oogopslag klink
Hoërskool Blou Golf na 'n yslike
tsunami wat my voete aaklig onder
my gaan uitslaan – uitslaan sonder
enige waarskuwing. Dit lyk na 'n
pikdonker, onplesierige stroom
waarvan ek slegs 'n druppel gaan
wees op 'n heeltemal ander
golflengte as die ander.

Die enigste verwantskap tussen my
en die ander moddernommers is
ons eenders en ellendige blou
wapenhempies. Hierdie is 'n
gedagte wat kom nes maak het in
wat eens 'n onskuldige verbeelding
was.

Die eienaardige dag het
aangebreek en dit was asof die
oordeelsdag ten laaste gekom het.
Saam met al my ander ongewaste
skoolmaats, daag ek senuweeagtig
by my nuwe tuiste op. "Net tydelike
verblyf", probeer ek myself oorreed
terwyl ek sleepvoet die skool
binnestap.

Ek voel skielik 'n onbekende gevoel
deur my spatsellyfie – 'n warm

gevoel pomp deur my hart as ek die ander se angswekkende, half skeef, aangeplakte glimlaggies sien. Dis dán wat ek beseft 'ek is nie alleen nie', daar is ander op dieselfde golflengte as ek.

Onbekendes lyk soos ou gesigte en skielik voel ek tuis. Ek gaan dalk nie altyd tussen hierdie sterk strome kop bo water hou nie, maar tog kan ek gerus voel en weet dat ek 'n ongelooflike ondersteuning stelsel het.

Ek weet met eens dat ek hier my voete gevind het en niks in my wil meer lyf wegsteek nie. Skaaf-skaaf filtreer hierdie enorme golf my modderspatsel tot 'n perfekte druppeltjie water.

Kristalhelder en lewensbelangrik weet ek dat ek nie net bloot 'n nommer of 'n druppel in die emmer is nie. Ek is daardie drupel wat die emmer laat oorloop van spontaniteit.

Hier is ook 'n magdom aktiwiteite van 'n wye verskeidenheid wat my persoonlikheid soos 'n handskoen pas.

Dit blyk my, my riller van 'n verbeelding het met eens die pot ver mis gesit, want die Blou GOLF is 'n opwindende, amusante rit waar elke druppel dieselfde vooruitsig het.

Ek sal nooit vir 'n beter geskenk kan vra nie. 'n Plek waar ander druppels ook strewe na die ontdekking van hul identiteit en waar die fondasie vir ware vriendskappe gebaseer is op aanvaarding.

'n Tuiste wat ek my huis kan noem. Die Blou Golf is nie 'n bestemming vir my druppelvormige lyfie nie, maar die begin van 'n wonderlike avontuur.

-Marizellé Rousseau Gr 12





Wanneer mevrou Rol
met kos begin lol,
vrees die dorp bewend
vir die vark in die pot – lewend.

Mevrou Rol is tog te lief vir eet
en heel duidelik as sy haar klere
meet.
Altyd aan die kou
en op haar skouer 'n makou.

Terwyl mevrou Rol haar dinee
nuttig
eet die makou die verlore pitte,
vlugtig.
Bang is hy vir mevrou Rol
dat sy dit sal eet, al is haar maag
vol.

Haar lywige bed is buitengewoon
groot
soos 'n kussing in die vorm van 'n
brood.
Tog te bang dat sy nie van kos sal
droom,
sit sy oorskiet in die kombes se
soom.

Na veertig jaar is dit klaarpraat

met haar en haar makou-maat.
Vroeg oggend is sy oorlede in
haar spens met kos so min.

Die makou lê op die kombuistafel –
sy vere, alles uitgerafel.
Van jare se onderdrukte spanning
vir kos
is hy uiteindelik sagkens los.

- Lammarié Jonkers Gr 11



Dis hoe ek voel

ek teken 'n huisie
met my hemelblou passer en
uitveër
op papier plant ek die lood
wat wolffluitlange strepe trek

ek dors vir 'n ware vriend
iemand wat broederlik grom

in die muur plaas ek 'n groot
venster
en so kom als op die werf
ek kry 'n steentjie vir elke voetstap
voor die deur wat geskets is

ek vra vir 'n maat
om my te wys dat die lug wel blou
is
en my hartjie vol te gooi
sodat ek weer kinderlik sal lag

ek versamel idees vir 'n skoorsteen
sodat dit nooit koud sal raak
ek lê dit op my tekenbordjie
daar waar als opgaar

ek weet wie jy is,
maar tog sit ek sterk
soos op die tekenbordjie
so ook in my hartjie:
want jy is skaars bewus van my
en daarom wil ek jou nie inlaat.

dit sluit ek als toe
omdat ek werklik baie van jou hou

- (Ankia*)


*agfelei uit Florauna deur André
Letoit

HA-
HA!

Klein Saartjie is in die tuin
besig om 'n gat toe te gooi,
toe hul buurman oor die
heining loer. Geïnteresseerd
in wat sy doen, vra hy
vriendelik: "Wat doen jy daar,
Saartjie?"
"My goudvissie is dood...",
antwoord sy sonder om op te
kyk, "...en ek het hom pas
begrawe." Die Buurman voel
toe dadelik jammer vir haar en
sê: "Maar dit is darem 'n
buitengewone groot gat vir 'n
kleine goudvissie, is dit nie
Saartjie?"
Saartjie stamp die laaste
bietjie grond vas en sê: "Dis
omdat hy in jou duiwelse kat
se maag is."

The hardest thing to learn in
life is which bridge to cross
and which to burn.

Gedig vir kleinsus



'n Modderspatsel is jy nou,
'n graad aggie – buk vir die
Raadslid, gou!
Met jou fonteintjehare op die kop,
grimering, bordjie en swart
sakrompie kan jy niemand fop.

Maar waterdruppels sous neer,
Druppels word modder, meer en
meer...
Nat, bruin sponse is al wat jy sien
Op hierdie eerste nat skooldag van
2015.

Geniet die oriëntering, sus,
Vir die groentjekonsert is ons lus!
Dan is jy 'n druppel –
Wat in die blou Oos-Moot golf
huppel.

- Anri Jansen van Vuuren
Gr 10

Be careful what you wish for

There was a girl named Alice
who worked hard in a palace.
She was as sweet as honey
but wanted lots and lots of money.

Her dreams came true later
and soon she became a hater
her nose was often in the air
and she was so unfair.

Nobody liked her anymore
and her heart turned cold and sore.
She realised what she had done
but she had no friends...none

If only she was nicer
and maybe a little wiser
so let this be a lesson...

Never let anything change you
always stay true

- **Tinkerbelle**

Jannie kom by die skool en
vertel sy juffrou dié storie:
"Juffrou sal dit nou nie glo
nie, maar laas naweek het ons
gaan visvang. Ons het 33 babers
gevang. Juffrou sal dit nou nie
glo nie, maar nie één van hulle
het minder as 15 kilogram
geweeg nie!"

Juffrou: "Jislaaik Jannie, dit
was 'n enorme vangs." Die
juffrou wil nou nie vir Jannie
direk in sy gesig vat nie - maar
wil tog aan hom wys dat hy
dareem baie oordryf. Sy beraam
'n plan.

Juffrou: "Jannie, jy sal my nou
nie glo nie, maar daar het net so
'n verskriklike ding dié naweek

met my gebeur. Ek en die
kinders loop kortpad deur die
veld, en die volgende oomblik
grom daar 'n leeu hier reg langs
ons. Jannie, jy sal dit nou nie glo
nie, maar die leeu kom toe
aangehardloop en ons sien hy
gaan ons opvreet."

"Die volgende oomblik sien ons
'n Jack Russell wat die leeu gryp
en hy verniel die leeu verskriklik.
Hy skud daai leeu naderhand só
woes rond dat jy sommer hoor
hoe die leeu se nek klap. Jannie,
jy sal dit nie glo nie, maar daar lê
die leeu toe. Heel vrek."

Juffrou: "Jannie, glo jy dié
storie wat ek jou nou vertel
het?" Waarop Jannie antwoord:
"Maar natuurlik Juffrou! Dit
was dan my Jack Russell."



Aartjie na sy vaartjie

Susan het gegil en geskreeu en hy
het aangehou... Ek het my hande
oor my ore gedruk en my oë
toegeknyp, maar sy wou nie ophou
skree nie. Sy het net aangehou...
soos pa met die houe. Daar was nie
één aand wat my pa nie
aangeklam was nie en ma was te

bang om iets te sê as hy so twee
rye spore loop.

As sy hom net daaroor
aangespreek het, was dinge nou
heeltemal anders, maar sy het
nie...

Ek het hierdie dag haarfyn beplan.
Daar is NIKS wat nou meer
verkeerd kan gaan nie. Die bordjies
is verhang en nou is dit my beurt!
Ek klop toe aan sy deur en na 'n
lang gewag, kraak die deur
uiteindelik oop en my asem word
weggeslaan!

Dit IS my pa wat voor my staan,
maar dit is nie dieselfde man wat
ons so hel gegee het dertien jaar
gelede nie. Hy het 'n regte
laatperske-gesig en daar is 'n
waterige pêrel in een van sy groen
oë ingevreet. Toe ek hom só sien,
het my moed in my skoene gesak.
Ek het amper die aftog geblaas, toe
ek weer onthou wat hy alles aan
ons gedoen het! Hy sal nie
daarmee wegkom nie, maak nie
saak wat nie!

Ek kon my oë nie glo nie, want
sonder om te blik of bloos, steek hy
sy hand na my uit... hy wou
bladskud! Dit was net daar en dan
wat my bloed begin kook het. Hoe
kon hy ooit dink dat ek dit
sommers so sal laat gaan? DIT was
die olie op die vuur en toe ek weer
sien, is my wit, benerige hande om
sy nek gewurg.

Sy lippe het al begin pers word, en
hoe meer hy soebat en pleit dat ek
moet ophou, hoe harder het ek
gewurg. Ek het net aangehou soos
hy met die houe dertien jaar
gelede...

Soos 'n stukkie klei is ek gedruk
en gevorm in iets wat ek nie wou
wees nie en ek kon in sy patetiese
oë sien dat ek niks beter as hy is
nie. Ek het die vrees in sy oë
onmiddellik herken – Susan het
presies so gelyk as hy by die huis
aankom – ek was 'n monster!

My oë het waterig begin raak en
toe ek weer sien, het ek my greep
om sy nek verslap. Die berg het 'n
muís gebaar en soos wat my
patetiese pa gesit het en snak na
sy asem, het ek ysterklou in die
grond geslaan! Ek is doodseker dit
was die laaste sien van die
blikkantien.

- Julie Marais Gr 12 E

Yet again

Love will fall and love will rise,
even though you wore it as a cheap
disguise.
Your poison, your bittersweet
perfume,
turned out to be more than I can
consume.

Your oceans of lies drowned me to
my fate,
sent me down the river full of hate.
Flowing down the waterfall,
disappearing in the deep –

way down deep where broken soul
creep.

A fire can't burn in a broken heart,
I can't run away because there's no
place to start.
Guess I'm now on a one way track,
trying to move on and never look
back.

The sun-kissed days we had is now
consumed by stormy weather.
Our love was like a broken
keyboard, but I always thought 'u'
and 'I' would stick together...

-Daniel Schoonderwoord

Stay Gold

Wilted are the flower petals
amongst the flowers.
Long forgotten on wings
of an angel.
A wreck being forgotten;
it's love in haste.
Only to find that the heart
lays dead.
Reminds me to ever stay gold
if my heart should stay cold.

- Unknown

Die sand was tussen my tone
Nou is die boeke in my sak
Ek het die son en see verruil
Vir my swaar tas, alweer gepak

Ek stap in by die deur
Toe tref die opgewondenheid weer
Ek's hier op 'n missie
Want die jaar het ek 'n visie

Die jare kom en gaan
Maar ons sal altyd saam staan
2015 is hier
Kom dat ons fees vier!!

- Emerenske de Wet

Die lanternswaier – Marike de Jager Gr 12

Waar die wolke oor die horison
hang, hoor ek aaneen die
golwe slaan. Die singende stem
van die see laat my dans op die
harseer ritme van die wind. My
lantern gee sy lig, opsoek na die
verlore siele in hul nood. Kom
land, kom weer, kom oseaan –
dit is die rots waarop my huisie
staan.

In die dowwe lig van my lantern,
tuur ek oor die golwe. As jy die
see ken, weet jy dit is die een
oomblik glad geskuur, maar die
volgende is hy gevaarliker as
vlam en vuur. As ek my oë
toemaak, verdrink ek in
herinneringe. lewers tussen die
duiwel en die potblou see het
die waters jou siel gemerk om
die tydelike met die ewige te
verwissel. Só staan die dood vir
elkeen van ons en gluur.

Ons klein Kaapse huisie het
gestaan waar die golwe die
goue kuslyn soen. Die wind het
aan die ruite geruk en die
donderwolke het oor die waters
gerol. Ek het na buite gekyk
waar die storm al woester en
wreder woed. Jy het op jou
vissermansbootjie gestaan en
geveg teen die reën. Net soos
die wind alles verander, het 'n
groot, grys golf jou as eiendom
van die see geneem. Alles was
donker en swart... die hart is
soos die onstuimige see en word
gedryf deur wind en weer.

Op die strand staan ek in die dowwe lig van my lantern en skryf woorde van seer in die sand. Ek voel hoe die koue briesie verander in 'n brullende wind. Ek staar in die verte en wens die see kon die pyn wegspoel. As ek my oë toemaak, droom ek hoe jy daardie aand met 'n net vol vis teruggekom het huis toe. In my verbeelding luister ons saam na die wind wat fluit. Ons hoor die golwe wat slaan teen die rots waarop ons huisie staan. Ek skryf woorde van seer in die sand, maar woorde van liefde in klip. As die reën val, sal dit vir ewig bly staan.

In die lig van my lantern kan ek met bewondering in die verte staar. God se stem druis deur die wind en reën. Hy is die water van die lewe, daarom is ek 'n visser van mense. Ek doof die lig van my lantern uit, want van nou af is Sy woord die lamp vir my voete.

Elke donker wolk het 'n silwer randjie. Die lewe is 'n storm wat die sterkte van jou anker toets, maar God is die stuurman van my skip en die Bybel my kompas. Waarom is julle dan bang, kleingelowiges? Die wind en die see is gehoorsaam aan Hom. Ek sal nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Kom land, kom weer, kom oseaan – die Here is my rots waarop my hoop bly staan.

Flawed and fabulous!
Because perfect doesn't exist
and normal is boring!
-xoxo

Die laaste keer

Toe ons daardie somersondag gegroet het,
het ek nooit gedink dat dit
die laaste keer sou wees nie,
die laaste druk, die laaste soen...
Ek weet nou dat alles in 'n oogwink
kan verander,
dat 'n borrelende lewe geluidloos
kan eindig,
soos 'n kers deur 'n ligte asemteug
uitgedoof kan word.

Vandag herleef ek die herinneringe
onthou
omdat ek nie wil vergeet nie.
Maar daardie dag het ek nie
geweet dit
sal die laaste groet wees nie, die
laaste druk,
die laaste soen, alles in 'n oogwink
weg...

- **Jessica**



‘n Tydelike lewe!

‘n Normale dag van liefde en lied in jou hart, ‘n dag wat net gesiggies vol glimlaggies bevat, ‘n dag wat saam met ouers spandeer word.

‘n Dag wat ‘n mens nie verwag iets loop verkeerd nie. ‘n Mens ignoreer ‘n hol kol op die maag wat in ‘n voorgevoel kan verander, waar ‘n mens ‘n dowe oor teen die realiteit van die lewe gooi, maar wel op ‘n dag wat ‘n mens die seerste kry of iemand verloor is, wanneer ‘n mens besef dat gister verby is, more nie beloofd nie is en vandag tot ‘n einde kom.

Soos met my, ‘n normale dag wat net kan verander in ‘n leeftyd se hartseer. ‘n Spesiale mens soos my broer net weg, sy tyd het opgeraak. Polisie wat jou by die ongelukstoneel kry en jy wat die lyk sien lê, sonder lewe, sonder emosie breek ‘n mens se lewe in stukke.

Maar wel moet ‘n mens besef dat die seer sal beter raak en ‘n mens sal jou kop moet hoog hou, maar sonder om te vergeet van ‘n geliefde wat gevat is deur ons Hemelse Vader.

Leef elke dag soos jou laaste en vergeet van môre, want môre is nie beloof nie.

Maak vrede met die lewe en sy gebeure, want dinge wat was en dinge wat is, kan nie vergelyk word met dinge wat gebeur nie.

Leef en laat leef.

- **Jaen-Marie Kritzinger**

2015

‘n Nuwe jaar

‘n Nuwe begin

Jy kry ‘n kans om weer oor te begin
Groter drome met groter wense
en foute van die verlede is nou vergete

‘n Nuwe jaar

‘n Nuwe begin

‘n Begin van vreugde en vrede
Saam met familie en vriende.
‘n Jaar van voorspoed en liefde.

- 3 Musketeers

‘n Nuwe jaar, ‘n nuwe begin
Ek’s alweer terug, wat het my besiel?

Ek moes weg hardloop
maar ek is mos so soet soos stroop.

Ek kan positief bly
Met ‘n bietjie geluk aan my sy,
en die liefde van ‘n ouer
dan gaan die jaar dalk gouer.

- Anoniem

2014 is nou verby
2015 dis nou ons tyd

Tyd vir nuwe dinge
Tyd vir nuwe sinne

Nuwe onderwysers
Nuwe klasleerlinge

Dis die jaar vir nuwe beginne.

- Rumay Botha

‘n Nuwe jaar het aangebreek,
dit het my reguit in die maag gestee.
Opgewonde, maar onverwags
dink ek snags:
‘n Nuwe blaadjie word begin

Alles en almal verander
Ek soek maar nog 'n sin om te sê:
Twintig-vyftien het begin.

- **Raymond en Michael**

'n Nuwe jaar is hier huh...
Tog moet dit nog insak
dat ek 'n nuwe kans gekry het
waarvoor ek my beste sal uitbring.

Nuwe jaar is hier
en ek gaan nie die kans
laat verby gaan nie.

Nie hierdie keer...

Die dooie slang

'n Gevaarlike slang, hy is bang vir
my
want ek is giftiger as hy, hy is so lui
iemand het hom doodgery want hy
was so moeg vir my.

- **Barend Blignaut**

!Jy!

Ek en jy en jy en ek
is saam in 'n huis
ons speel en sing en dans
en spring.

Hard weergalm die klanke van
die musiek wat speel.

Ons kyk in mekaar se oë maar niks
gebeur,
ek sing 'n liedjie wat jou laat bloos.

Jy kom nader na my toe en fluister
in my oor...

Ek is lief vir jou.

- **Ney'Qii**

Legends of The Night

Two shots, two flashes of light...no
more. One shock of laughter and a
never-ending, heart stopping
scream...

The cool blanket of the June frost
enveloped me with its black
midnight hands. I stared ahead,
wishing for the peace of solitude;
my fingers were going numb and
my cheeks red as I stumbled
towards the house adorned with its
own legend. They say every time
the black ice appears, someone
dies in the house at midnight and at
sunrise, all trace disappears.

I slowly pushed the door open,
hearing it creak shut as I crept
inside. My mouth felt dry as
sandpaper as my tongue tried to
call out, but failed. My eyes slowly
adjusted to the veil of darkness
inside, taking in what the blanket of
fear had hidden for centuries.

The floorboards stayed
dangerously silent as I moved
through the house. Without
warning, I slipped and fell. I could
feel cold moisture beneath me, yet I
could sense it was more than
melted frost. As I slowly lifted my
hands I saw the glistening red of
the blood, and the stark whiteness
of a face; a male face, staring back
at me.

His face was frozen in terror, I
knew, what he now had to do. As
the metallic smell of blood entered
my nose, a final drop fell from his
red stained hands. Behind him, the
sky was morphing into the grey of
dawn.

With eyes turning to ice and the
sun making itself known, I knew my

fate was sealed; I would disappear
before sunrise.

- **Jacqueline Janse van
Rensburg**



Green nightmares



Deep within your envy
you know what you want.
There are pieces of pure jealousy
but you have wishes to grant.

You see all the sour faces
the nightmare comes from within.
During night, during day,
in you heart jealousy begins.

My dear people, can't you see,
to turn is easier, or so it seems.
Just let others be
and turn little green nightmares
into sweet little dreams.

- **Tinkerbelle**

Skool begin

Skool het begin
en my brein is baie min.
Kinders met blou klere
oral waar jy kyk
dis al, dis al.

Leë klaskamers
met banke wat na jou staar
dis al, dis al.

Juffrouens met die KYK
jy kan klaar dink wat dit beteken.
Werk, werk en nog harde werk
dis so, dis so.

- **Megan Martin**

So baie om te sê
so baie om te doen
want net jy loop in die skoën.
Jy neem beheer
en jy verloor dit weer.

Sal jy slap lê
of jou bes doen
al lyk die lewe nie altyd groen.
Verloor beheer
en probeer dan weer.

- **Ankia J. van Vuuren**

Jou lippe so sag
soos my kussing in die nag
Jy maak my dag
as ek jou hoor lag
Vir jou sal ek 'n
kasteel bou.
Jou lag maak my flou.
Al wat ek wil sê
is, ek is lief vir jou.

- **Jacob Lubbe**

Wat sien ek as ek in die spieël kyk?

Spieëltjie, spieëltjie sê vir my, hoe sien die ander mense my? Sien hulle ook die refleksie wat ek in die oggende kry?

Daar sal altyd iemand mooier, slimmer of maerder wees as jy, maar daar sal nooit nog 'n "JY" wees nie.

Al die meisies sal saam met my stem, dat 'n mens altyd eers die negatiewe goed raaksien. Ek wens dat mens eerste jou persoonlikheid kan sien, want dis wat die mense eerste waarneem van jou.

Psalm 24:1

"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here."

Meisies, net so behoort jy aan die Here. Hy het jou geskape en jy's perfek nes jy is, vir die Here is jy die mooiste besitting wat Hy het.

Ek weet soms as 'n mens in die spieël kyk, hou jy glad nie daarvan wat jy sien nie, maar vee dan die spieël af, want glo my, daar is niks so mooi soos mens se eie refleksie nie!

As 'n mens terugkyk in mens se lewe; sien mens seerkry en foute, maar as 'n mens in die spieël kyk, sien 'n mens iemand wat kan leer uit foute. Meisies, leer vandag uit jou foute en begin fokus op die positiewe goed in die spieël, want die Here wil hê julle moet sien hoe uniek en beeldskoon julle regtig is!

Ek sluit af met die volgende:

"If you're searching for that one person to change your life, take a look in the mirror."

- **Shandre Lourens**

Liefde is natuur, musiek en vriende

'n Gevoel van pure geluk en vrede. Ek is in 'n kamp ver in die bos saam met my beste vriend en ons luister musiek.

Hoekom kry 'n mens 'n gevoel van beskerming en vrede deur om 'n kampvuur te sit en net met jou vriend te praat. Ver in die oopte is ons onself en ons kan oor alles gesels. 'n Mens kan die ritme van die musiek wat speel in die vuur se vlamme sien.

Ons gaan lê later die nag op 'n kombers onder die sterre wat 'n mens so mooi, helder en duidelik kan sien. Dit kan ons nooit in die stad waarneem nie. Ek en my vriend lê daar en dink, daar is iets in stilte wat 'n sekere geluk en liefde in mens uitbring. Dit was ure voor ek my oë oopgemaak het. Ek het besef dat dit reën. Kalmerend hoor ek die drup-drup van elke druppel wat val. So lief soos wat ek vir reën is, maak ek my vriend wakker en lig hom in dat alles baie nat is.

Terug in ons tent lê praat ons, terwyl ek kort-kort skrik vir donderweer. Die reën bring geluk en rustigheid oor my wat onbeskryflik is en ek en my vriend dieselfde beleef. Met 'n glimlag staan ons op en maak kondensmelkkoffie en eet lekker koekies. Wat kan 'n mens meer gelukkig maak?

In my hart weet ek dit is hier waar ek wil bly, want dit is werklik ware liefde. 'n Beter gevoel is daar nie: natuur, musiek en vriende is 'n liefde wat 'n ou nie kan gee nie.

- **Vandi Pienaar**

Partytjie van die tuin

Ma se blomme het in die huis gaan wals.

Een speel viool en die varkoor sing vals.

Die dahlias sit en drink lekker tee en die vetplante moet die vloer skoon vee.

- **Ilona Ferreira**

Be Brave

Never be afraid of your fears

Don't cry those tears

Be brave

Because you are always safe in God's hands

Everyone is His fans.

- **Nominic Du Plessis**

To Anonymous



This poem might not make sense
And sometimes I can feel you're tense

I really want to help you now

But I just can't figure out how.

Bad memories have grown with you.

And you still try to stay true.

But some people you can't fool

Except the girls who drool.

Your world seems to fall

How do you handle it at all?

I guarantee times will change

your life has been very strange.

Things seem to go all wrong

And if only you can stay strong.

I know you try not to worry me

But it can't be ignored, you see...

I will be here all the way

Even if you decide to push me away.

- **Anonymous**

For one night only

Tigers, bears, acrobats and a clown,

everyone, the circus is in town.

The ringmaster's mad and full of fun,

but after dark you'd better run.

He'll lock you up in a box so tight until you grow into an awful sight.

You'll cry and scream when you're all so lonely,

but you'll be lucky if your alive for one night only...

- **Vinette Rust**

No matter how many times people insult you, you are awesome in your own unique way. SPREAD THE WORD, PAY IT FORWARD!

- **Wehan Scheepers**

When I think of you, my mind is in a daze.

It hurts so bad for me to hear someone call your name

When I think of you, I become confused,

because being alone is something really new.

When I think of you, my thoughts are always sweet,

because the love I have for you can never be beat.

When I think of you, I can picture your eyes,

and in them I can see no lies.

When I think of you, I may begin to cry,

but never forget the love I have for you will never die.

- **Anonymous**

‘n Dag saam met my held – Joost jou yster!

My held is Joost van der Westhuizen. Hy is die skrumskakel wat die nommer nege Springboktrui al die meeste oor sy kop getrek het, en een van die bestes ter wêreld. Ongelukkig is hy op die oomblik baie siek, maar dit gaan nie maak dat hy nie meer my held is nie. Dit gaan eintlik maak dat ek meer na hom opkyk, want hy inspireer almal, hy hou aan veg en ek weet hy sal nooit opgee nie.

